

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Vandag iets meer oor die skole van die ou Z.A.R. In die dekade voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was daar drie staatskole in Pretoria:

Die Staatsmodelskool – ‘n laerskool vir seuns

Die Staatsmeisjieskool – ‘n laerskool vir meisies

Die Gimnasium – ‘n hoërskool wat die leerlinge moes voorberei vir verdere studies aan ‘n normaalskool en/of ‘n universiteit.

Voor die oorlog was hier geen Universiteit in Pretoria nie, maar ‘n paar klaskamers van die Staatsmodelskool is gebruik vir die Normaalskoolklasse. ‘n Paar jaar na die oorlog het die eerste Universiteit [T.U.C.] in Pretoria begin. Hulle het voorlopig een vloer van die Staats Gimnasium as klaslokale gebruik.

Daar was ook ‘n hele aantal privaatkole wat meestal Engels as voertaal gebruik het en verbonde was aan een of ander kerk.

Staatsmodelskool

Die Staatsmodelskool, geleë in Van der Waltstraat tussen en Schoeman- en Skinnerstraat, is opgerig teen ‘n koste van ongeveer £14,500 en was ontwerp vir tussen 350 en 400 leerlinge. Dit is ontwerp deur argitekte van die ZAR se “Departement van Publieke Werken”, waarvan Sytze Wierda sedert 1877 die Hoof was. Dit is teen die einde van 1896 voltooi.

Op 19 Januarie 1897 breek ‘n feesdag vir die onderwysers, sowel as die leerlinge aan toe die nuwe doelgerigte skoolgebou op plegtige wyse geopen is. Dit was ‘n groot verandering en teenstelling met die ou gebou in Prinsloostraat, [eers die skool van Meester Wessel Louis] want hier was twaalf ruim lokale, met glaspaneel geskei. Staande kon ‘n onderwyser met een oogopslag waarneem wat in drie lokale aangaan. Die eerste lokaal regs, was die eiendom van mnr. J. Lub waar liggaamsoefeninge gedoseer is terwyl die aangrensende lokaal gebruik is vir kuns. Hierdie lokaal het ook gedien as vergadersaal waar elke môre met gebed en sang die dagtaak begin is. Sang is begelei met ‘n orrel. Regs van die ingang deur was die hoof se kantoor waarin ‘n goed toegerusde biblioteek, versameling van handwerkmodelle, handboeke vir onderwysers, ens. in netjiese glaskaste uitgestal was.



‘n Aantal leerlinge voor die Staatsmodelskool. Die grondpad wat voor die skool verbyloop is Van der Waltstraat.

Met die aanname van klasse in 1897 was daar 236 leerlinge wat gedurende die jaar tot 242 aangegroei het. Een en twintig leerlinge lê aan die einde van die jaar die toelatingseksamen tot

die Gimnasium met goeie gevolge af. En 87 persent word bevorder tot hoër klasse. Leerlinge wat meer as twee derde van die aantal punte behaal het, ontvang getuigskrifte.

In die begin van 1898 was daar 249 leerlinge wat aangroei tot 264 gedurende die jaar. 91 persent word bevorder en 45 getuigskrifte is uitgereik.

Sonderlinge toestande het soms voorgekom. Een van die onderwyseresse het in haar klas 'n jongman gehad – baie ouer as sy self – wat in die Malaboek oorlog 'n arm verloor het maar nogtans 'n opleiding aan die Staatsmodelskool verkies het bo 'n aangebode pensioen. Die onderwyseres het later getuig dat sy nooit voorheen so 'n ywerige en gewillige leerling gehad het nie.

Daar is die geval van die bebaarde vader wat met sy vrou en drie kinders na Pretoria gekom het om hom as onderwyser te bekwaam. Saam met sy twee kinders in hy in die skool toegelaat. Sodoende is hy by die jong klomp ingeskakel. Op 'n sekere dag ken die klas nie hul les nie en die onderwyser – die hoof, mnr. Wagner – waarsku hulle om dit die volgende dag te ken. Die het egter nie gehelp nie en die volgende dag kom die bevel, “Inblijven!”. Die klas het gedwee bly sit en die boeke word weer uitgehaal. Saam met die jongklomp sit die bebaarde vader en leer kliphard die les. Toe hy weer opkyk . . . daar staan sy twee kinders buite en wag dat vader moet kom. Mnr. Wagner moes die selfbewuste vader red met, “Jongens, gaat nu maar heen, morgen beter”.

Die oorlog het die onderwys in Pretoria van die begin af ontwrig en so breek die herfsvakansie van 1899 ook aan met oorlogswolke dreigend op die horison. Met loodswaare harte moes onderwysers en kinders afskeid neem van die Staatsmodelskool want geeneen het geweet wat die toekoms sal bring nie. In die vergadersaal is die toestand deur die hoof, mnr. Wagner, aan die kinders geskets wat alreeds senuweeagtig en opgewonde gewag het om hul deel op die slagveld by te dra. Na skriflesing en gebed sluit die skool vir 'n onbepaalde tyd. Die hoof, mnr. Wagner se seun, wat ook aangesluit het, het op die slagveld gesneuwel.

Die owerhede besluit om die Staatsmodelskool te sluit en dit as tydelike verblyfplek vir 'n aantal Britse krygsgevangenes in te rig.

Staatsmeisieskool

Die Staatsmeisieskool was in Visagiestraat en het later die Hamiltonskool geword het. [Hierdie brief word te groot, sal moontlik later hieroor skryf]

Staatsgimnasium

Die Staatsgimnasium is op die suid-oostelike hoek van Koch- en Proesstraat gebou in 1879. Die bouaannemer was W.S. Geerts. Die ingebruikneem van die skool het met 'n groot plegtigheid plaasgevind. Mens kan dit verstaan, want dit was die eerste skool in die Republiek wat hoër onderwys gegee het. Dit was die begin van groot planne van die Regering. Die President was, met die Uitvoerende Raad en verskeie Volksraadlede teenwoordig en het die leerlinge toegesprek.

Die Staatsgimnasium het reeds in 1893 tot stand gekom met 23 leerlinge en vyf dosente, nl. dr. H. Reinink [rektor], dr. H.G. Breyer [Wetenskap], J. Bergmans [Nederlands en klassieke Tale], W.A. MacFadyen, [Engles en Logika] en W. Louis [Wiskunde]. By die opening van die nuwe gebou was daar 85 leerlinge oor sewe klasse verdeel en heelwat meer dosente. In die meer praktiese vakke vind ons name soos die argitek Hollenbach [Lynteken], Anton van Wouw en Hondius [Tekene] en Van Tijen [Snelskrif]. In sekere opsigte kan dit beskou word as die grondslag vir latere opleiding in argitektuur, kunsonderrig en handel respektiewelik. Belangrik is dit om daarop te wys dat die Transvaalse Universiteitskollege in sy beginjare, van 1909 tot 1912, in die boonste verdieping van die Staatsgimnasium gehuisves was en dat die gebou, wat oorspronklik bedoel was as voorbereiding tot die universiteit, ook langs hierdie weg verband hou met die universitêre studie in Transvaal.

'n Sonderlinge verhaal van deursettingsvermoë

Die volgende kom uit Pretoriana no. 80. In Augustus 1903, op aandrang van die ouers, begin die eerste goewermentskool in die distrik Pretoria agter die Magaliesberg op die plaas van Josef Fourie, Wildebeesthoek. [die Fouries bly vandag nog op die plaas maar van die ou skoolgebou is daar geen teken meer nie] 'n Markee tent word opgeslaan en F.P. Coetzee word aangestel as eerste onderwyser. Hy is gebore op 5 Januarie 1880 en in April 1898 ingeneem in die Staatsmodelskool in Standerd VI. Hy word in Julie oorgeplaas na die Normaalklas om as onderwyser ogelei te word, na aflegging van 'n toelatingseksamen.

In September 1899 moes hy op kommando gaan en het tot 28 Mei 1901 geveg in die Heidelberg kommando, toe hy in die knie gewond en krygsgevangene geneem en na Darrels Eiland Burmuda gestuur is.

Na die vrede van 31 Mei 1902 het hy die eed van getrouheid aan die Britse Kroon op 9 Julie 1902 afgelê en kon toe vrygelaat word. Hy gaan werk vir 5 maande in New York VSA, en kom in Maart 1903 in Durban aan, terug in sy vaderland. Hy tree weer tot die Normaalkollege toe op 30 Junie 1903 en verkry die T3-eksamensertifikaat op 1 Jan 1904. Hy word na die Wildebeesthoekskool as proefonderwyser gestuur vir een jaar. Hy word op 1 Januarie 1905 as volwaardige onderwyser met 'n T3-sertifikaat gepromoveer deur inspektuer H.S. Cooke.

Intussen is 'n steengeboutjie as skool opgerig. In die Wildebeesthoekskool is daar in 1904 11 seuns en 11 dogters, kinders van die oorlog en sommige reeds amper ouer as die onderwyser. Aan die einde van 1904 word 6 leerlinge vir Standerd II en 3 leerlinge vier Standerd IV deur inspektuer H.S. Cooke ge-eksamineer. Uit die 9 het 5 geslaag in die vakke soos voorgeskryf: Arithmetic, Reading, Composition, Spelling, Writing, Geography, History and Manual Work. Die Wildebeesthoekskool het in Desember 1907 vir goed gesluit.



Wildebeesthoekskool 1906

Agter: Pieter J. Cillie; Frikkie Schoeman; Nicolaas Pretorius; Danie Fourie; Johannes Fourie; Josef van De Venter; Stoffel Rossouw.

2de ry: Sophie van De Venter; Dorie Rossouw; Catharina van De Venter; Willie Joubert; ?

Sittende: Pieter ?; Annie Rossouw; Bettie Kok; F.P. Coetzee; Sannie Schoeman; ?; Gert van De Venter

Voor: ?; Koos Kok; Hermanus Schoeman; Willie Kok.

Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel